**RAADSKENNISGEWING 31 VAN 2017**

## KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE WYSIGING VAN DIE OMSKRYWINGS VAN DIE PRODUKSIEGEBIEDE DARLING EN SWARTLAND

---

(Ingevolge Artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewerments-kennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990)

---

Neem asseblief kennis dat Darling Cellars (Pty) Ltd by die Raad aansoek gedoen het om die grense van die produksiegebied Darling (distrik) uit te brei. Na aanleiding van hierdie uitbreiding word die grense van die produksiegebied Swartland (distrik) ook gewysig.

Die voorgestelde omskrywing is ter insae by www.sawis.co.za – "Sertifisering – Nuus en inligting – Kennisgewing van aansoek vir die wysiging van die omskrywings van produksiegebiede" of kontak Jackie Cupido by 021 807 5704.

Enigeen wat beswaar het teen die aansoek, moet sy/haar beswaar, met opgaaf van redes, skriftelik indien by die Sekretaris, Wyn- en Spiritusraad, Posbus 2176, Dennesig, Stellenbosch, 7599, binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing.